# DEEL A

## HOOFSTUK 1.

## TOESTANDE ONDER DIE N.O.I.K. EN DIE BATAAFSE REPUBLIEK (1795 - 1806).

### 1. KERKLIKE BEHEER OOR ONDERWYS VOOR 1803.

(a) INLEIDING. Veral in hierdie hoofstuk moet die begrip „kerk" in sy breedste betekenis opgevat word. Die Boere in die binneland het dikwels honderde myle van die naaste kerk as sodanig gewoon, maar hulle was nietemin lidmate, en het hul Calvinistiese godsdiens uitgelewe sonder die gereëlde kerkdienste en kerklike toesig. 1)

Ook waar ons hier van „skool" praat moet dit opgevat word in die betekenis van die inrigting van onderwys, of dit nou tuis deur die ouers, n goewernant(e) of n gehuurde oud-soldaat geskied het, of in n skool deur n voltydse of rondgaande onderwyser.

(b) DIE OORSPRONG VAN DIE ONDERWYSSTELSEL AAN DIE KAAP ONDER DIE N.O.K.

Die onderwysstelsel, soos hy onder die N.O.K. aan die Kaap bestaan het, is so te sê onveranderd uit Nederland hierheen oorgeplant. Dit was na gees en inhoud Calvinisties. Selfs die interne uitsig van die skoolkamer, die leerplan en metodes, was dieselfde. Die gewoonte om n sieketrooster of ander kerkdienaar aan te stel as onderwyser, is ook uit die Nederland afkomstig. 2)

Die owerheid was self ook Calvinistiesgesind; die Gereformeerde Kerk was die staatskerk, en in Nederland het die samewerking tussen staat en kerk m.b.t. die onderwys niks te wense oorgelaat nie. Albei instellings het mekaar se medeseggenskap oor die skool erken. Die kerk kon die gees en inhoud van die onderwys bepaal. Dit kon die onderwysers eksamineer of ondersoek vóór hul aangestel kon word en daarna steeds n wakende oog oor hulle hou. 3) Die staat het in alle ander opsigte die volle seggenskap gehad: die stigting van die skool; die finale seggenskap by die aanstelling van die onderwysers; die bydra van n deel van die finansiële las van die onderwys; die aanstelling van inspekteurs (visitatore) en die bepaling van die leervakke. Om op te som: In die Nederlande het die Calvinistiese hervormers hul ideaal verwesenlik: die Gereformeerde staatskool, wat in 1652 na Suid-Afrika oor-

1). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 59 et seg.
2). Malherbe: „De Kerkbode", 19 Oktober 1927, 569.
3). du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 2.

geplant is en wat hier voortbestaan het tot 1795.[1)]

Dat alle kerklike besluite onderhewig was aan die uiteindelike gesag van die staat,[2)] het in die praktyk geen moeilikheid veroorsaak nie, want die grootste harmonie het tussen die staat en die staatskerk bestaan.

Om die verhouding, staat, kerk en skool onder die Kompanjie te skets, sou n presiese herhaling wees van die toestand in Nederland.

(c) DIE ONDERWYSWETGEWING AAN DIE KAAP ONDER DIE KOMPANJIE.

Tot 1714 was daar nog geen liggaam wat vir die beheer van onderwys verantwoordelik was nie. Daar was ook nog nie n algemene onderwyswet nie. Die dorpskole was meesal onder die beheer van die kerkrade, terwyl die kontrole oor die privaatskole minimaal was. [3)]

In 1714 vaardig die Politieke Raad sy „Ordonnantie van de School Ordenning" uit. Hiermee het de Chavonnes die land n groot diens bewys, maar veel nuts het hy nie tot stand gebring nie. By die opstel daarvan het hy die Nederlandse toestande tot rigsnoer geneem. [4)]

Omdat hierdie onderwyswet die algemeen geldende skoolwet gebly het tot 1795 [5)] en die beoefening van die gees en inhoud daarvan in dele van die platteland voortbestaan het tot selfs in Voortrekkerdae, word dit hier taamlik volledig opgesom. (Weliswaar het die „Reglement van die Scholarge" in 1782 verskyn, maar dit was slegs aanvullend van aard.)

(i) Die Goewerneur en die Raad sou voortaan alle aspirant-onderwysers „in leere en lewe" ondersoek. (Hierin het daar egter in 1734 n verandering gekom. Die goedkeuring van die onderwysers is vanaf 1734-1795 aan die scholarge toevertrou, en op hierdie Raad van Scholarge was die geestelikes in die meerderheid.) Alle aspirant-onderwysers moes hulle geloof in alle artkels en stukke van die leer en belydenis en Katechismus van die Gereformeerde Kerk bely, en n verklaring onderteken i.v.m. enige artikels deur die Dordtse Sinode opgestel.

(ii) Die inhoud van die leerplan was hoofsaaklik godsdienstig. Die kinders moes die „Onse Vader", die tien gebooie, die geloofsartikels, die aand- en môregebed, gebede voor en na

1). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 145.
Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 94, 95.
Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool, 2.
du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1, 2.
2). Malherbe: Education in South Africa, 24.
3 du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939, 21.
4 Ibid., 22.
5 Ibid., 36.

ete, gewone gebede en vrae en antwoorde uit die Katechismus leer. Kinders moes gewyde liedere leer sing. Die meester moes hul na die kerk vergesel en hul later vrae stel oor die preek.

(iii) Daar sou toesig gehou word dat alleen nuttige en geskikte boeke, wat reeds in Nederland beproef is, gebruik kon word.

(iv) 'n Raad van Skolarge, wat bestaan het uit die Sekundus aan die Kaap, die Kaptein van die Garnisoen en die predikant, is ingestel. Hulle sou staan onder die oppertoesig van die Politieke Raad. [1]

(d) WIE DIE ONDERWYSWETTE MOES UITVOER.

Die Politieke Raad het oor alle onderwysaangeleenthede die finale seggenskap gehad. Die deelname aan die onmiddellike administrasie van onderwys het gedurende die N.O.K.-bewind heelwat verskuif tussen staat, kerk en skolarge. Vir die doel van hierdie verhandeling is dit egter voldoende om in die volgende paragrawe die onderwystoestande gedurende die laaste twintig jaar van die Kompanjie se bewind te behandel.

(i) DIE STAAT.

Die vernaamste aandeel van die staat was die stigting en onderhoud van skole. Die stigting was gewoonlik op aandrang van die kerkraad of predikant. Die owerheid het verder ordonnansies uitgevaardig soos in 1714, of anders die reglemente van die skolarge bekragtig soos in 1782. Die regering het die absolute en finale seggenskap gehad oor alles. Alle besluite kon eers wettig word nadat hulle deur die goewerneur of Politieke Raad goedgekeur is. Laasgenoemde het hom egter baie selde direk met onderwyssake bemoei, en die onmiddellike behartiging daarvan aan die Skolarge en die Kerkrade oorgelaat. [2]

(ii) DIE RAAD VAN DIE SKOLARGE.

Hierdie raad het in hierdie jare sonder uitsondering bestaan uit minstens vier lede: die onafhanklike fiskaal as verteenwoordiger van die Politieke Raad, die twee diensdoenende predikante aan die Kaap en 'n ouderling. Die geestelikes het dus 'n meerderheid van [redacted] teen een gevorm. [3] Vanaf die einde van die jare sewentig het die Politieke Raad meer mag aan die Skolarge toegestaan. [4]

Dat die predikant op die Raad van Skolarge gesalarisseerde staatsamptenare was en dat selfs die ouderlinge nie

1). du Toit: Onderwys in Kaapland, 21 et seq.
2). Malherbe: Die Kerkbode 19 Oktober, 1927, 569.
Malherbe: Education in South Africa, 32.
3). du Toit: Onderwys onder die Kompanjie, 292.
4). du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652 - 1939, 36.

sonder die goedkeuring van die Politieke Raad aangestel kon word nie, kan maar as ŉ formele wetlikheid beskou word. Dit het die werklike toestand van sake weinig of glad nie geaffekteer nie, want tot die einde van die N.O.K. se bewind aan die Kaap het ons ŉ baie noue samewerking gehad tussen die Politieke Raad, die Skolarge en die Kerk m.b.t. die administrasie van die onderwys. 1)

Die Skolarge moes ondersoek instel, rapporteer en planne aan die hand doen i.v.m. onderwysaangeleenthede. Hulle het in 1782 ŉ belangrike reglement i.v.m. onderwys opgestel. Vanaf 1779 het hulle alle sollisitante ondersoek en by die Politieke Raad aanbeveel. 2)

(iii) DIE KERKRADE.

Waar die skolarge meer die algemene sake behartig het, het die kerkrade in die nouste direkte aanraking met die skole en onderwysaangeleenthede gestaan, natuurlik in sover hulle binne bereik was. Die kerkrade het dan die onmiddellike gesag gevorm. 3) Hulle het toesig gehou oor die sedelike gedrag van meester en leerlinge; gewaak oor die geestelike welvaart van die skool; petisies aan die owerheid gerig i.v.m. die stigting van skole; besoeke afgelê en inspeksie gehou by skole en gehelp met die geldsake.

(iv) DIE OUERS.

Soos duidelik uit bostaande blyk, het die ouers geen direkte seggenskap oor onderwyssake gehad nie. Hulle kon egter hulle regte laat geld d.m.v. hulle predikante en kerkraadslede.

(e) HOE DIE ONDERWYSWETTE UITGEVOER IS.

Die onderwyswette kan nie almal hier behandel word nie, maar hul spreek almal dieselfde taal as die skoolordenning van 1714. Die uitvoering van ŉ wet behoort ŉ eenheid te vorm met die doel en gees daarvan. Die doel van die skool was godsdienstig; dit was hoofsaaklik in die diens van die Gereformeerde godsdiens; die godsdienstige oortuiging was ook hoofsaak by die aanstelling en instruksies aan onderwysers. Soos in Nederland was die werk van onderwysgee gewoonlik aan ŉ kerklike amp (sieketrooster, voorleser, koster) verbonde. Vir menige leerling was die aanneme die enigste doel van sy onderwys. Die leerboekies was uitsluitlik of hoofsaaklik van godsdienstige aard. 4)

1). du Toit: Onderwys onder die Kompanjie, 300.
2). du Toit: Onderwys in Kaapland, 38.
3). Theal: History of S.A. before 1795 (II), 150.
Smit: Gedenkboek van die N.G. Gemmente, Swartland, 136.
4). Smit: Gedenkboek, 136-144.

Op die dorpies waar daar ook kerke was, kon die leraar en kerkraad waak oor die kerklike belange van die skool. So het dit gebeur dat onderwysers geskors, ontslaan of verban is om hul ongeloof. [1]

In die binneland was toestande anders. Hier het die armoede, die verspreidheid van die bevolking (en gevolglik die lang afstande na skool) en die skaarste aan onderwysers saamgewerk om omstandighede uiters haglik te maak. Die gevolg was dat ŉ boer dikwels ŉ goewernant(e) aangestel het vir sy eie kinders, as hy dit kon bekostig. Soms het ŉ paar boere saamgespan om iemand te huur, en wanneer daar geen ander uitweg was nie, moes pa en/of ma maar inspring om hulle kinders te leer lees en skryf, want die kerk het geweier om iemand aan te neem wat nie kon lees en skryf nie. [2]

Van die minderwaardigheid van hierdie „onderwysers" hoor ons meer in die volgende hoofstuk. Aangesien die vereiste letter-onderrig om lidmaat te kon word maar gering was, was ses maande se onderrig gewoonlik genoeg. Die meester het dus van plek tot plek gereis. Sy eie kennis was gewoonlik van so ŉ standaard dat sy leerling gou „volleerd" geraak het. Hieroor later vollediger.

Dit spreek vanself dat die plattelandse onderwysers selde of nooit aan die vereistes van de Chavonnes se skoolordenning voldoen het nie. Nóg ouer, nóg kind het vir hierdie meesal ontslaande of gedroste soldate en matrose respek gehad, maar in daardie dae was die gesinslewe van so ŉ aard dat hy vir baie sulke tekortkominge kon vergoed.

## (f) DIE UITWERKING VAN HIERDIE ONDERWYS.

Ons het die gees, inhoud en omvang van die onderwys onder die Kompanjie kortliks nagegaan. Was dit ŉ sukses? Om op die vraag te kan antwoord, moet ŉ mens jou kan inlewe in die toestande van die tyd. Was die skool godsdienstiger as die mense? Was die feit dat die skool baie eensydig-godsdienstig was, uit harmonie met die aard en behoeftes van die mense? Nee. „Their devotion to their church gave a value to education and a desire for it which would scarcely otherwise have existed". [3]

As daar dan nie te veel godsdienstige onderwys in ons skole was nie, was daar nie te min wêreldlike onderwys nie? Hierdie vrae word breedvoeriger in die volgende hoofstuk behandel. Hier kan ons slegs volstaan met ŉ verwysing na „De Unie": Dat die jongmense nie groot geleerdheid besit het nie, was nie grootliks te betreur nie. Die land was woes. Daar was

1). Spoelstra: Boustoffen II, 398,399.
2). Venter: Die verband tussen kerk en skool, 10.
3). Report, Education Committee, 1863, 7.

pioniers nodig, nie kamergeleerdes nie...........

Die land het manne nodig gehad wat hul weg kon baan deur al die gevare en ontberinge van die wildernis. En sulke manne het die skole inderdaad gelewer. Van kindsbeen is die kinders geleer om selfstandig te handel. Hulle moes lang afstande skool toe loop. Die paaie, waar daar paaie was, was ellendig. Brue het nie bestaan nie. Oral was ongedierte en gedroste slawe wat van roof gelewe het. Van kleins af het hulle ook oefening gekry in die gebruik van wapens.

Die opvoeding was prakties, maar nie materialisties nie. Dit was aangepas by die vereistes van die tyd. As ŉ boom aan sy vrugte geken word, dan was die stelsel goed, want dit het die stoere pioniers van Suid-Afrika voortgebring. [1)]

## 2. DIE OMWENTELING ONDER DIE BATAAFSE REPUBLIEK.

Om misverstand te vermy, moet ons hier eers melding maak van wat ons bedoel met die woord „omwenteling". Soos later sal blyk, was die „omwenteling" bloot teoreties: die lewensbeskouing van die wetgewer, die inhoud en gees van sy wette en opvoedkundige beginsels, was so uit voeling met die geestelike behoeftes en beginsels van die Boere dat daar in die praktyk maar min van tereggekom het.

### (a) TOESTANDE IN EUROPA.

Verdrukking het geprikkel tot denke en opstand. Die volkere het gebuk gegaan onder die feodale stelsel en die verrotte standestelsel. Die verligte idees van skrywers soos Rousseau en Voltaire het die derde- en middelstand in opstand gebring. Wat eers ŉ intellektuele oorlog was teen die dwinglandy van die hoër geestelikes, die adel en die koning, het nou tot die bloedige Franse Rewolusie ontwikkel. [2)]

En nou ondergaan nie alleen Frankryk nie, maar geheel Europa in byna elke fase van die nasionale, godsdienstige, maatskaplike en ekonomiese lewe radikale veranderinge.

Soos dit gewoonlik gaan met so ŉ stormagtige beweging, het die rewolusionêres te ver gegaan. Hulle het alles - hetsy goed of kwaad - wat agter was, verwerp omdat hulle dit in verband gebring het met hul lyding in die verlede: hul het hul godsdiens verwerp as outyds, konvensioneel, en ŉ middel om hul te verarm. Hulle sou hulle deur die rede en die wetenskap laat lei, hul sou niks op gesag aanneem nie. Die Ensiklopediste het hul geleer dat slegs dit wat bewys kan word, waar is. Openbaringsfeite en geloof soos dié van die Calvinis was vir

1). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 18.
2). Aulard: Christianity and the French Revolution, Hs. III.

die meeste van hulle blote dwaasheid. Die mens, die goeie kind van die goeie natuur, is op ŉ voetstuk geplaas en God is verwerp.

(b) TOESTANDE IN DIE BATAAFSE REPUBLIEK. [1)]

Toe Pitchegru die Nederlande inval, het die Patriotte die Franse verwelkom. Die Oranjemanne moes die onderspit delf en die Stadhouer moes vlug. Die Bataafse Republiek is gestig en ŉ tydperk van vernuwing en modernisering is ingelei.

Die kerk en die staat is in 1795 al geskei. Daar sou geen staatskerk meer wees nie. Die skool sou ŉ middel tot vorming van goeie staatsburgers word. Die kerk het alle medeseggenskap oor die skool verloor, en die godsdienonderwys sou bo-kerklik wees. In 1801, 1803 en 1805 is die skole deur wetgewing genasionaliseer en ontkersten. [2)]

Ten gevolge van een van die voorwaardes van die Vrede van Amiens sou die Bataafse Republiek die Kaap terug ontvang. De Mist word as kommissaris na die Kaap gestuur om die bestuur te kom oorneem en om toestande te kom verbeter. Voordat ons sy werksaamhede in oënskou neem, is dit noodsaaklik dat ons hom beter leer ken.

(c) KOMMISSARIS DE MIST.

Hierdie tydperk is bekend vir afvalligheid van en liberalisme in die godsdiens en vurige nasionalisme. De Mist was ŉ kind van sy tyd. [3)] Hy was nie ŉ godloënaar nie, maar was tog onder die invloed van Franse skrywers soos Voltaire, [4)] wat in alle dinge die rede van die mens as die hoogste regbank beskou het. Beide hy en Janssens was lede van die „Bataafsche Maatschappy der Wetenschappen". [5)] Dat hy dan ook ŉ deeglike wetenskaplike was, wat van alle moontlike bronne van informasie gebruik gemaak het, blyk uit sy grondige studie van Kaapse aangeleenthede nog voordat hy hierheen gekom het. Voordat hy hom aan die Skoolordenning gewaag het, het hy die maatskappy „Tot nut van het Algemeen" geraadpleeg, „ de consideratiën van eenige deskundige Afrikaansche ingezetenen en geakkrediteerde 's lands dienaren" gevra, en nog boonop ŉ buitengewone kommissie in die lewe geroep om ook die saak te ondersoek. [6)]

En tog was de Mist ŉ outokraat. Nadat hy alle moontlike bronne van informasie geraadpleeg het, het hy oorgegaan tot wetgewing sonder dat hy hom veel oor die gevoelens

1). Van Loon: Rise of the Dutch Kingdom, Hs. I.
2). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 236 et seq.
3). Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Dl. II, 33.
4). du Toit: Onderwys in Kaapland, 54.
5). Ibid., 54.
6). du Toit: Onderwys in Kaapland, 52.

van die volk bekommer het. Die „Bible and School Commission" het later die mening uitgespreek dat de Mist in hierdie opsig die teenoorgestelde beleid gehad het as die Britse regering by wie „the source of authority is to be found rather in the governed than in the governing",[1)]

Dis nie hier ter sprake of de Mist meer outokraties as die Britse goewerneurs was nie. Wat egter waar is, is dat de Mist, soos die meeste persone wat nuwe onderwysstelsels ingevoer het, dit sonder in agneming van die wense van die volk gedoen het en dat in Suid-Afrika nooit 'n onderwysstelsel ontstaan het, wat die produk van hierdie land was nie.[2)]

De Mist se botsing met die bevolking en die mislukking van sy onderwysstelsel kan toegeskryf word, nie aan sy outokratiese optrede nie, maar aan die feit dat hy die gevoel van die volk, wie se karakter hy nie verstaan het nie, gekwets het. Hy was veral om drie redes uit voeling met die volk:

(i) Hy was 'n vurige Nederlander. Soos ou Simon van der Stel van ouds, wou hy die koloniste egte Nederlanders maak. „Men zal jaaren werk hebben, eer men de Caabenaars weder Nederlanders kan maaken, en zonder de wedergeboorte van eene Nationaalen geest, en smaak tot voorkeur van nationaale zeden, gewoonte, klederdragt, manufactuuren, enz., enz., durft men zich van alle politike veranderingen, weinig goeds belooven." [3)]

Teen hierdie tyd egter, het daar al lankal 'n egte Afrikaanse Nasionalisme ontstaan. Die Boer se nasionalisme was Afrikaans; de Mist syne was Nederlands. „All their attachments and all their interests were centered in South Africa, and though no one had any deep love for any particular locality, every one of them had a strong affection for the country as a whole. They called themselves Afrikanders, a term in common use at least as early as 1735." [4)]

(ii) Aan die ander kant was de Mist, wat die godsdiens betref, uiters liberaal veral in vergelyking met die Boere. Die Franse Rewolusie het die Afrikaner ook beïnvloed, maar nie sy godsdiens nie. Die Afrikaner het hom baie dinge laat welgeval, maar aan sy godsdiens, en alles wat daarmee in verband gestaan het, het hy nie sonder 'n stryd laat torring nie.

(iii) De Mist het die Boer ook nie regverdig en juis beoordeel nie. Hy praat bv. van die „totaale verbastering der zeden." Ook is sy naturalisme, onder Rousseau se invloed, duidelik te bespeur in die verwyt vervat in die woorde:

1). Government Memorandum, Nr. 24, Education, App. III, Report Bible and School Commission, 4.
2). Malherbe: The New Education in a changing Empire uit The New Education in a changing Commonwealth, 35.
3). Kaapse Staatsargief: Memorie over de Caab, 48.
4). Theal: History and Ethnology of S.A. III, 285 et seq.

„.... als het waare georganiseerde Jachtoorlog tegen de Boschjesmannen en Caffers, die hun een mensch doet doodschieten, als of het een haas of wolf waare." Een of ander slegthoof of avonturier kon „die half verwilderde Europeezen, verder woest maaken." 1)

Dis n swart beeld wat deur de Mist geskets word, maar sy sienswyse is deur die van verskeie reisigers van dieselfde tydperk geloënstraf. Generaal Janssens se mening is van toepassing op de Mist: „Geleerden, waanwyzen, die het land doorreizen, stellen al het gebrekkige op rekening der domheid en slegtheid van de Boeren, dog hier is veel van af te dingen, en een gedeelte dient op rekening der domheid van die geleerden gesteld te worden - hoe wil men dat er fraaye huizen zullen staan; schoone tuinen......" 2)

Theal som die toestand so op: „There are many indications that Mr. de Mist was too far advanced in modern opinions to remain popular in this country much longer. He was not as flexible as Gen. Janssens, who was beginning to see plainly that a body of people secluded from intercourse with Europe for more than a century, could not be dealt with in the same manner as men who had lived in the whirl of the French Revolution." 3)

De Mist is deur baie opvoedkundiges veel lof toegeswaai. Dat hy sy tyd vooruit was, is ongetwyfeld waar. Hy het dit self ook besef. Des te meer moes hy versigtigheid aan die dag gelê het. Vanuit n on- of nie-godsdienstige oogpunt beskou, was hy werklik „one of the soundest educationists of either the nineteenth or the twentieth centuries." Ons moet egter nie vergeet nie dat daar destyds nog groot eenvormigheid op kerklike gebied bestaan het, en dat die hedendaagse argumente ten gunste van die wêreldlike staatskool met sy godsdiens bo geloofsverdeeldheid, destyds nog baie flou was.

Malherbe sê van de Mist: „(He) was merely the morning star heralding the dawn that was still to come." 4)

Met die gegewens tot ons beskikking is dit nie seker of hy nie n meteoor was nie.

(d) DE MIST SE WETGEWING i.v.m. KERK EN SKOOL

(i) DIE KERKORDE: Ons gee n uittreksel uit die Kerkorde van dié artikels wat betrekking het op ons onderwerp: 5)

1). De Mist: Memorie over de Caab, Art. 36, 45.
2). Kaapse Staatsargief, Janssens: Memorie, 60.
3). Theal: History of S.A. since 1795, I, 179.
4). Malherbe: Education in South Africa, 56.
5). Kaapse Staatsargief, B.R. 117, 239 et seg.

In sy inleiding tot die „Kerken-Ordre" verstrek die Kommissaris-Generaal redes waarom hy die „ordres" opgestel het. Sonder reëlmatige wette en „ordres" sou ook die beste en nuttigste instellings op die duur onbestaanbaar wees en uiteindelik uitloop op verwarring, skeuring en verdeeldheid „tot verderf van den staat." *

Art. 1. Alle kerkgenootskappe geniet in hierdie volksplanting gelyke beskerming onder die wet.

Art. 5. Die goewerment laat hom nimmer in met die vryheid in die beoefening van die besondere leerstelsels nie, maar hy behou die reg om te kan beoordeel „de uitwerkselen dier leerstelzels op den Burgerstaat," en op die gees en die gedrag van die ingesetene. Indien die uitwerking skadelik bevind mag word, is die goewerment verplig om dit teen te gaan, te belet of te matig.

Art. 6. Kerke mag alleen gebou word met staatstoestemming.

Art. 7. Geen openbare godsdienstige samekomste mag op ander dan gewone Son- of feesdae en in openbare kerkgeboue gehou word, tensy met die uitdruklike toestemming van die goewerneur in die tyd nie. Die kerkrade moet waak teen alles wat strydig mag wees met die goeie sedes of rus van die burgerstaat.

Art. 9. Daar moet toestemming verkry word voordat nuwe predikante aangestel mag word.

Art. 13. Geen godsdiensonderwys mag gegee word alvorens die onderwyser eerstens geëksamineer is, en tweedens verlof daartoe ontvang het nie.

Art. 18. „De openbaare Schoolen, strekkende tot onderwyzing der jeugd behoren niet tot eenig byzonder Kerkgenoodschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede burgers voor den staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddellyk toezigt en bestuur van het Gouvernement."

Art. 19. Die goewerment sorg dat die bestuur van die kerkgenootskappe in hierdie volksplanting reëlmatig geskied, en dat van die kerk- en armfondse goed gebruik gemaak word en voor verantwoording gedoen word.

Art. 22. Die regering kan predikante verplaas.

Art. 24. Die aanstelling van ouderlinge en diakens moet deur die regring goedgekeur word.

Art. 34. Die kerkrade se tydbepalings vir die eredienste moet deur die regering bekragtig word.

* Onderstreping is deurgaans van my.

(ii) <u>DIE SKOOLORDER</u>. [1)]

In sy inleiding tot die „School-Ordre voor de Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop", meld Kommissaris de Mist dat hy van die begin af die opvoeding van die jeug as een van sy vernaamste pligte beskou het.

<u>Art. 1</u>: Die goewerneur sal die opperskolarg wees.

<u>Art. 2, 3</u>: Daar sal voortaan 'n Raad van Skolarge wees. Dit sal bestaan uit sewe lede, nl. die twee predikante van die Hervormde en Lutherse gemeentes en vyf burgerlike lede. Die Landdroste en predikante van die buitedistrikte sal erelede wees en kon as sodanig die sittings bywoon.

<u>Art. 4</u>: Die stand van die onderwysers van die jeug in die maatskappy, is almal se agting en onderskeiding waardig...

<u>Art. 5</u>: Die kweekskool wat gestig sal word, se onderwysers moet sorg dat die kwekelinge sodanig gevorm word, o.a. „deur dezelve in de meeste volmaaktheid, zuiver Nederduitsch te leeren spellen, spreeken, leezen en schryven."

<u>Art. 6</u>: Die kwekelinge moet na liggaam en karakter onbesproke wees.

<u>Art. 13</u>: Kwekelinge moet vyf jaar kwekeling-onderwysers bly.

<u>Art. 17</u>: Die skoolkomitee sal die reg hê om, in oorleg met die opperskoolarg, enige onderwyser(es) te ontslaan indien so 'n stap nodig blyk.

<u>Art. 20</u>: De Mist gee uiting aan sy „onveranderlyken afkeer voor alle vreemde oorheersching"; vaderlandsliefde is die vernaamste deug wat ingeprent moet word.

Om saam te vat: na anderhalf eeu van kerklike toesig oor die skool, waarby die kerk beide die gees en inhoud van die onderwys bepaal het, word die skool nou in diens van die staat gestel. Waar die godsdienstige motief eers oorheers het, sal die staatsburgerlike nou oorheers.

Ook die kerk val nou onder die jurisdiksie van die staat. Die Gereformeerde kerk hou op om die staatskerk te wees.

Die toesig oor die skole, wat altyd aan die kerkrade toevertrou is, moet voortaan deur die dorpsrade waargeneem word. Ook sal die privaatonderwysers voortaan onder die <u>gesamentlike</u> toesig van die landdros en die predikant val. Op die belangrike Raad van Skolarge is die geestelikes in die minderheid.

1). Kaapse Staatsargief, B.R. 117, 265 et seq.

By die lees van sy kerk- en skoolorders, kom mens sterk onder die indruk van de Mist se staatsburgerlike strewe: die kerkrade moet waak teen alles wat strydig mag wees met die sedes en rus van die burgerstaat; die skool is die kweekplek van goeie burgers; die leerstelsels moet nie die burgerstaat se belange benadeel nie; vaderlandsliefde is die vernaamste deug wat die kind ingeprent moet word; moedertaalonderwys is essensieel; alles is bereken om suksesvolle praktiese burgerskap te bevorder.

Godsdiens word nie uit die skool verban nie, maar die staat moet beide die gees en die inhoud daarvan bepaal. Daar moet godsdiens bo geloofsverdeeldheid wees, d.w.s. die leer van die Gereformeerde Kerk is as sodanig uit die skool verban. 1)

(e) DIE MISLUKKING VAN DIE DE MIST-STELSEL.

Vanuit ŉ nie-godsdienstige oogpunt beskou, het de Mist verbasende kennis en wysheid aan die dag gelê. Hy was sy tyd ŉ eeu vooruit. Dit blyk egter dat hy met die praktiese toepassing van sy orders minder energiek was. Al was die hele stelsel uit die staanspoor gedoem tot mislukking, kan mens darem redelik verwag dat daar gedurende die Bataafse tydperk meer as een enkele skool gestig sou word. In Kaapstad het slegs één onder die nuwe stelsel ontstaan, terwyl daar op die platteland nie één gestig is nie. 2)

Die oorsake van hierdie mislukking het reeds onder die bespreking van de Mist duidelik geword. Ons vat kortliks saam:-

(i) Daar het ŉ kloof bestaan tussen de Mist se lewensfilosofie en die van die Boer. Hierdie kloof het hy nie deur takt en mensekennis probeer oorbrug nie.

(ii) Die Boer is konserwatief. Waar dit sy godsdiens gegeld het, het hy selfs tot vandag toe geen verandering gedoog nie. Ons dink bv. aan die teenstand teen die vertaling van Die Bybel en die behoud van die gebedstaal in dele van die land tot selfs vandag toe.

(iii) In Europa was daar ŉ lang rypwordingstydperk wat die omwenteling voorafgegaan het. Aan die Kaap het daar nog sewentiende-eeuse toestande geheers. Die de Mist-wetgewing het hier dus as ŉ geweldige skok gekom. Vir anderhalf eeu het die Boer slegs één soort skool geken: die Gereformeerde staatskool; die eenboekskool wat voorberei het vir die aanneming.

1). Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, 34.
2). Report Education Commission 1063, XV, XIX.

Hy kon die wêreldlike staatskool nie sonder meer aanvaar nie. „Better no education at all from books than instruction not based on religion, was the cry of the farmers from one end of the country to the other."[1)]

(iv) As de Mist die een stelsel geleidelik tot die ander laat ontwikkel het, kon hy nog miskien iets uitgevoer het, maar geen godsdienstige volk sal op bevel van die een uiterste van suiwer godsdienstige onderwys oorgaan tot die ander uiterste van afgewaterde godsdiens bo geloofsverdeeldheid nie.

Hierdie botsing het nie net in ons land plaasgevind nie. Dit het in die meeste Europese lande plaasgevind. Meiklejohn (V.S.A.) meen dat in die oorgang van middeleeuse tot moderne onderwys daar nooit ŉ gewigtiger verandering plaasgevind het as die vervanging van godsdienstige deur staatsonderwys nie: ons het die prosedure waarmee ons bepaal watter soort menslike wesens ons wil ontwikkel, verander en die volgende vraag wat hy stel, sal in die hooftema van hierdie verhandeling ŉ belangrike plek inneem: Waarvoor staan die staat? Wat glo hierdie staat i.v.m. die lewe? Watter lesse het hy om te onderwys? Glo hy iets? Het hy enige waardes of oortuiginge waaruit ŉ skema van onderwys opgestel kan word?[2)]

1). Theal: History of South Africa since 1795, I, 173.
2). Meiklejohn and Smith: Religion and Education, 4, 6.